

Wiskunde Graad 4

November 2016

Vraag 1

Voltooi die volgende hoofreken vrae:

1.1 $5\,746 - 200 = 5\,546$

1.2 $5 \times 9 = 45$

1.3 $\frac{5}{8} + \frac{2}{8} = \frac{7}{8}$

1.4 $250 + 350 = 600$

1.5 $546 - 0 = 546$

1.6 $700 \div 10 = 70$

1.7 $1 - \frac{3}{5} = \frac{2}{5}$

1.8 $30 \times 7 = 210$

1.9 $14 \times 100 = 500 + 900$

1.10 $720 \div 9 = 80$ [10]

Vraag 2

2.1 Watter onewe getal kom net voor 1 481? 1479 (1)

2.2 Watter ewe getalle lê tussen 986 en 1 004?
988; 990; 992; 994; 996; 998; 1 000; 1 002 (4)2.3 Kyk na die getalle wat hier onder gegee word. Omkring nou al die veelvoude van 7.
28 48 65 7 84 37 (3)2.4 Noem al die faktore van 30 (getalle wat presies in 30 kan deel)
1; 2; 3; 5; 6; 10; 15; 30 (4)2.5 Wat is die plekwaarde van die onderstreepte getal?
8 648 honderde (H) (1)2.6 Wat is die grootste ewe getal wat jy met die volgende syfers kan maak?
3586 8 536 (1)

[14]

Vraag 3

Vul in $>$; $<$ of $=$

3.1 $8 \times 3 \times 2 = 3 \times 2 \times 8$

3.2 $\frac{1}{8} < \frac{1}{5}$


3.3 $30 + 3\ 000 + 200 < 3\ 320$

3.4 $1\ \text{kg} > \frac{1}{4}\ \text{kg} + \frac{1}{2}\ \text{kg}$

3.5 $\frac{1}{4}$ koppie $> 125\ \text{ml}$ [5]

Vraag 4

4.1 Kyk na die houer en beantwoord die volgende vrae:



- 4.1.1 Wat is die kapasiteit van houer 1? **150 ml**
- 4.1.2 Wat is die volume van die vloeistof in houer 1? **120 ml**
- 4.1.3 Kyk na houer 2. Wat is die lesing by A? **100 ml**
- 4.1.4 Kyk na houer 3. Wat is die lesing by B? **500 ml = 0,5 liter**
- 4.1.5 Wat is die lesing by C (houer 3)? **1 750 ml** (5)

4.2 Voltooi die volgende:

4.2.1 $\frac{1}{5}$ van $1\ \text{m} = 200\ \text{mm}$

4.2.2 $3\ \text{kg} - 250\ \text{g} = 2\ 750\ \text{g}$

4.2.3 $850\ \text{cm} = 8\ \text{m}\ 50\ \text{cm}$


4.2.4 $5\ \text{km}\ 8\ \text{m} = 5\ 008\ \text{m}$

4.2.5 $4,5\ \text{kg} = 4\ \text{kg}\ 500\ \text{g}$ (5)


[10]

Vraag 5


5.1 Die volgende patroon word met vuurhoutjies gepak. Bestudeer die patroon en voltooi dan die tabel:



1 driehoek



2 driehoeke



3 driehoeke

Aantal driehoeke	1	2	3	5	10
Aantal vuurhoutjies	3	5	7	11	21

(3)

5.2 Voltooi die volgende getalpatrone:


5.2.1 33; 38; 43; 48; 53

5.2.2 64; 32; 16; 8; 4

5.2.3 $2\frac{2}{3}$; $2\frac{1}{3}$; 2; $1\frac{2}{3}$; $1\frac{1}{3}$

(7)

5.3 Voltooi die volgende vloedidiagram:



5.3.1 30

5.3.2 9

5.3.3 402

(3)

[13]

Vraag 6

Rond die volgende getalle af:


6.1 4 758 tot die naaste 100 **4 800**

6.2 R38,25 tot die naaste R **R38**

6.3 7 621 tot die naaste 1 000 **8 000** [3]

Vraag 7

7.1 Die volgende patroon word met 2-D vorms gemaak.



7.1.1 Noem die name van twee verskillende vorms wat jy raaksien.

seshoek/heksagoon en **driehoek**

7.2.1 Wat is die naam van die 3-D vorm waaruit 'n dobbelsteen bestaan?

kubus



7.2.2 Voltooi die volgende sin:

Die dobbelsteen bestaan uit **6** vlakke.

Elke vlak is in die vorm van 'n **vierkant**.

7.3. Kyk na die prentjie van die tent en beantwoord die volgende vrae:

7.3.1 Die tent bestaan uit **5** vlakke.

7.3.2 Van watter 3-D vorm is die tent 'n voorbeeld?

Driehoekige prisma




[7]

Vraag 8

In 'n graad 4-klas moes elkeen van die 32 leerders kies of hulle die meeste van Wiskunde, Afrikaans (Afr), Natuurwetenskappe (NW), Sosiale wetenskappe (SW) of van Engels (Eng) hou. Die juffrou het die inligting in 'n sirkelgrafiek opgesom.

8.1 Bestudeer die sirkelgrafiek en beantwoord dan die volgende vrae:

**Gunsteling leerarea**

8.1.1 Van watter leerarea hou die meeste van die leerders in die klas?

Wiskunde (1)

8.1.2 Hoeveel leerders hou die meeste van NWT?

$$\frac{2}{8} \text{ van } 32 = x \text{ of } \frac{1}{4} \text{ van } 32 = x$$

$$32 \div 8 \times 2 = 8$$

$x = 8$ kinders (2)

8.1.3 Hoeveel meer kinders hou van Wiskunde as van Engels?

$$\text{Wiskunde: } \frac{3}{8} \text{ van } 32 = x$$

$$32 \div 8 \times 3 = 12 \text{ kinders hou van Wiskunde}$$

$$\text{Engels: } \frac{1}{8} \text{ van } 32 = x$$

$$32 \div 8 \times 1 = 4 \text{ kinders hou van Engels}$$

$$12 - 4 = 8$$

8 kinders hou meer van Wiskunde as van Engels (5)

[8]

Vraag 9

Beantwoord die volgende woordprobleme volledig. Wys jou berekeninge.

Die beantwoording van 'n woordprobleem verskil van skool tot skool. Oor die algemeen moet daar 'n getallessin, bewerking en antwoord wees. Hier word egter net die getallessin en antwoord verskaf.

- 9.1 Mamma gebruik 375 ml melk om een beker Milo te maak. Hoeveel liter melk sal sy nodig hê as sy vir 8 kinders Milo wil maak?

$$375 \text{ ml} \times 8 = x \quad (\text{Dit is nie nodig om } x \text{ te gebruik nie. } 375 \text{ ml} \times 8 = \square \text{ is ook reg.)}$$

$$x = 3000 \text{ ml} = 3 \text{ l} \quad (3)$$

- 9.2 Wat is die verskil tussen 8 123 en 3 576?

$$8\,123 - 3\,576 = x$$

$$x = 4\,547 \quad (2)$$

- 9.3 Nadia kry R80 sakgeld per maand. Sy spaar elke maand $\frac{2}{5}$ van haar sakgeld.

- a) Hoeveel geld spaar Nadia elke maand?

$$\frac{2}{5} \text{ van } R80 = x$$

$$R80 \div 5 \times 2 = R32$$

$$x = R32 \quad (2)$$

- b) Hoeveel geld spaar sy in 'n jaar?

$$R32 \times 12 = x$$

$$x = R384 \quad (3)$$

- 9.4 'n Pakkie lekkers kos R9. Hoeveel pakkies lekkers kan jy met R216 koop?

$$R216 \div R9 = x$$

$$x = 24 \text{ pakkies lekkers} \quad (3)$$

9.5 By 'n sekere winkel kos 500 ml melk R15,95. Hoeveel sal 3 liter melk by hierdie winkel kos?

$$500 \text{ ml kos } R15,95$$

$$1 \text{ liter kos } R15,95 \times 2$$

$$3 \text{ liter kos } R15,95 \times 6$$

$$x = R95,70 \quad (3)$$

9.6 Tweeling babas weeg onderskeidelik 2 kg 165 g en $2\frac{3}{4}$ kg by geboorte. Met hoeveel gram verskil die twee babas se massa?

$$2\,750 \text{ g} - 2\,165 \text{ g} = x$$


$$x = 585 \text{ g} \quad (3)$$

9.7 Gerrie is $1\frac{1}{4}$ m lank. Sy ma is 389 mm langer as hy. Hoe lank is sy ma? (antwoord in meter)

$$1\,250 \text{ mm} + 389 \text{ mm} = x$$

$$x = 1\,639 \text{ mm} = 1,639 \text{ m} \quad (3)$$

9.8 Kyk na die horlosie hieronder. Dit is hoe laat dit was toe Anja die middag met haar huiswerk begin.



9.8.1 Skryf die tyd op die horlosie in analoog (gewone) tyd.

$$\text{Kwart voor 3, nm} \quad (1)$$

9.8.2 Skryf die tyd op die horlosie volgens die 24-uur digitale horlosie.

$$14:45 \quad (1)$$

9.8.3 Anja maak 16:20 klaar met haar huiswerk. Hoe lank het dit haar geneem om haar huiswerk te doen?

$$16:20 - 14:45 = x$$

$$14:45 + 15 \text{ min} \longrightarrow 15:00$$

$$15:00 + 60 \text{ min} \longrightarrow 16:00$$

$$16:00 + 20 \text{ min} \longrightarrow 16:20$$

$$15 \text{ min} + 1 \text{ uur} + 20 \text{ min} = 1 \text{ uur } 35 \text{ minute} \quad (3)$$

9.9 In 'n groot vrugtebak is daar 3 appels vir elke 2 piesangs in die bak. Indien daar 16 piesangs in die bak is, hoeveel appels is in die bak?

$$3:2$$

$$?:16$$

$$16 \div 2 \times 3 = x$$

$$8 \times 3 = 24$$

$$x = 24 \text{ appels} \quad (3)$$

[30]

TOTAAL: 100

Hierdie vraestel toets die grootste gedeelte van die werk wat in die jaar behandel is.

Die vraestel is langer as 'n standaardvraestel.